B.b

71/85

SAAK NO. 306/82
/CCC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

ALPHA ENTERPRISES APPELLANT

en

MAUGENE ENGINEERING SERVICES (PTY) LTD. RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, HOEXTER *et* HEFER ARR

VERHOOR: 2 MEI 1985

GELEWER: 29 MEI 1985

---

UITSPRAAK

TRENGOVE, AR:

Die/ ......

Die appellant, Alpha Enterprises, is 'n vennootskap bestaande uit mnr C J C Bezuidenhout en sy seun, mnr A J Bezuidenhout. Gedurende of ongeveer Augustus 1978 het die appellant 'n kersmaakmasjien van die respondent gekoop vir 'n bedrag van R5 000. Soos later meer volledig sal blyk, het die appellant van die staanspoor af probleme met die werking van hierdie masjien ondervind. As gevolg hiervan het die respondent die masjien teen die einde van November 1978 teruggeneem en is die kontrak tussen die partye toe beëindig. Sowat ses maande later het Bezuidenhout sr. die respondent in die Transvaalse Provinsiale Afdeling aangespreek vir die betaling van skadevergoeding ten bedrae

van R21 538,61 (hierdie bedrag is later gewysig) op grond van beweerde kontrakbreuk. Gedurende die verloop van die verhoor het die vennootskap, ingevolge 'n wysiging van die pleitskrifte, vir Bezuidenhout, as eiser, vervang. Met die aanvang van die verhoor op 17 April 1980 was daar, volgens die pleitskrifte, drie basiese geskilpunte tussen die partye. Die appellant moes bewys: (a) dat dit 'n uitdruklike, alternatiewelik, 'n stilswyende beding van die ooreenkoms tussen die partye was dat die masjien geskik sou wees vir die doel waarvoor dit aangekoop is, naamlik, die vervaardiging van kerse vir verkoop in die groot- en kleinhandel; (b) dat die masjien *nie* hiervoor geskik was *nie*; en (c) dat die

appellant/ ......

appellant as gevolg van die kontrakbreuk skade gely het en wat die omvang daarvan was. Wat laasgenoemde geskilpunt betref het die partye gedurende die verloop van die verhoor ooreengekom dat as die hof sou bevind dat die appellant op skadevergoeding geregtig is, die quantum daarvan R6 788,61 sou bedra. Na ŉ lang en uitgerekte verhoor het die verhoorregter op 26 Junie 1982 uitspraak gelewer. Hy het bevind dat die omstrede stilswyende beding wel deel van die ooreenkoms tussen die partye was, maar dat die appellant nie daarin geslaag het nie om op ŉ oorwig van waarskynlikhede te bewys dat die masjien "inherent defektief" was. Hy het gevolglik absolusie van die instansie, met koste, ten

gunste/ ......

gunste van die respondent toegestaan. Die appellant kom nou teen die uitspraak en die bevel van die verhoorhof in hoër beroep. Daar is ook 'n teen-appèl. Dit is gerig teen die afwysing deur die hof van 'n aansoek namens die respondent dat die kostebevel teen die appellant die koste van twee advokate insluit.

Die geskil tussen die partye was wesentlik 'n feitegeskil. Die appellant se saak was gegrond op die getuienis van sy twee vennote, Bezuidenhout sr, en Bezuidenhout jr. Die respondent het in hoofsaak gesteun op die getuienis van die volgende getuies, naamlik, mnr Eugene Cummings, 'n direkteur en werknemer van die respondent, mnr D N Oberholzer, ook een van die respondent

se/ ......

se werknemers, en mnr Ismail Adam, "die eienaar" van Silvertex (Edms) Beperk ("Silvertex"), 'n maatskappy wat kerse vervaardig. Dit is geleë om op hierdie stadium te verwys na die verhoorregter se bevindings aangaande die geloofwaardigheid van voormelde getuies en die indruk wat hulle, as getuies, op hom gemaak het. Hy verwys eers na die Bezuidenhouts, hy sê dat in die algemeen het hulle hom "nie ongunstig beïndruk nie". Wat Bezuidenhout sr. betref, sê die verhoorregter dat hy geneig was "om die saak van die eiser in 'n te gunstige lig te probeer stel", dat hy dikwels gepraat het "sonder om te dink wat hy sê" en "sonder om na die vraag te luister", maar dat dít nie sonder meer 'n aanduiding is "dat hy 'n oneerlike getuie was nie". Daarteenoor het die verhoorregter Cummings

se/ ......

se getuienis skerp gekritiseer. Hy bevind dat sy getuienis in verskeie opsigte onbevredigend is, dat dit in sekere bepaalde gevalle heeltemal onwaar is en deur die feite weerspreek word, en dat Cummings in een geval "'n totaal ongeregverdigde en ongegronde bewering" teen Bezuidenhout sr. gemaak het. Wat Oberholzer se getuienis betref, bevind die verhoorregter dat daar geen ernstige kritiek teen hom ingebring kan word nie "behalwe om te sê dat hy nie 'n hoogsontwikkelde persoon is nie en dat hy klaarblyklik geen affektasies van enige aard het nie". Die verhoorregter bevind dan ook dat daar geen rede is om te aanvaar dat Oberholzer die hof "op aandrang van mnr Cummings of enigiemand anders opsetlik met

onwaarhede/ ......

onwaarhede probeer mislei het nie, hoe te goeder trou ook al". Die verhoorregter se kommentaar oor Adam wat o a as deskundige op die gebied van die vervaardiging van kerse getuig het, is soos volg: "As deskundige is Adam klaarblyklik waardeloos en op die ander aspekte waaroor hy getuig het, was hy in soveel opsigte onbetroubaar en ongeloofwaardig dat mnr Zeiss (wat destyds namens die respondent opgetree het) eintlik verplig was om van sy getuienis afstand te doen en ek is van oordeel dat mnr Zeiss dit tereg gedoen het". Dít wat betref die verhoorregter se bevindings aangaande die geloofwaardigheid van die getuies. Ek kom later weer daarop terug.

Ek verwys vervolgens na die agtergrond van

die/ ......

die dispuut tussen die partye en die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het. Dit is nie nodig om die getuienis van elkeen van die getuies hieromtrent in besonderhede te ontleed nie want daar is heelwat oorvleueling en baie van die feite is tans òf gemene saak òf nie meer omstrede nie. Waar dit egter nie die geval is nie, sal daar vanselfsprekend na die weergawes van die onderskeie getuies verwys word.

Bezuidenhout sr. was vir baie jare lank by die Suid-Afrikaanse Spoorweë in diens waar hy as tegnikus opgelei is. Hy het gedurende hierdie tyd die Gevorderde Tegniese Sertifikaat II (met masjienontwerp en wiskunde as vakke) verwerf en homself ook bekwaam om diesel-

lokomotiewe,/ ......

lokomotiewe, elektroniese en meganies, na te sien en te evalueer. Bezuidenhout jr. is ook 'n opgeleide tegnikus. Hy is by die Suid-Afrikaanse Lugdiens as gekwalifiseerde ambagsman en lugvaart-tegnikus (meganies) opgelei. Teen die begin van 1978 het Bezuidenhout sr. en sy seun besluit om met 'n onderneming te begin om huishoudelike kerse te vervaardig en te bemark. Hulle het 'n geskikte perseel op Hartswater in die Noord Kaap in die hande gekry en na heelwat navrae het hulle verneem dat hulle moontlik 'n kersmaakmasjien by die respondent kon kry. Die respondent se werksplaas was in Silverton, naby Pretoria, geleë. Bezuidenhout sr. en sy seun is gevolglik gedurende Mei of Junie 1978 - daar is heelwat

onsekerheid/ ......

onsekerheid oor die juiste datum - na Silverton waar hulle toe met Cummings oor die aankoop van ŉ kersmaakmasjien onderhandel het.

Cummings is ŉ gekwalifiseerde passer en draaier. Ten tyde van die verhoor was hy reeds 14 jaar lank in diens van die respondent. Aanvanklik het hy te kenne gegee dat hy slegs ten opsigte van sy salaris as werknemer ŉ finansiële belang in die respondent gehad het. Maar met sy kruisondervraging moes hy, baie teësinnig, toegee dat hy ook ŉ direkteur en aandeelhouer van die respondent was. Sy broer, mnr Maurice Cummings, was die bestudende direkteur en beherende aandeelhouer. Dit was egter Cummings, en nie sy broer nie, wat die

respondent/ ......

respondent verteenwoordig het in al die onderhandelings met die Bezuidenhouts omtrent die aankoop van die kersmaakmasjien en die daaropvolgende probleme.

Ten tyde van die Bezuidenhouts se eerste besoek aan die respondent se werksplaas het hulle aan Cummings verduidelik dat hulle van voorneme was om kerse te vervaardig en te bemark en dat hulle met die oog daarop ŉ kersmaakmasjien wou aankoop. Cummings het 2 of 3 kersmaakmasjiene wat in die respondent se werkswinkel in aanbou was aan hulle uitgewys en gesê dat die masjiene deur die firma Silvertex bestel is. Cummings het ook te kenne gegee dat hy reeds een kersmaakmasjien vir Silvertex gebou het. Dit was egter ŉ

halwe/ ......

halwe waarheid want volgens Oberholzer het Silvertex sy eie gietstukke en suierstange vervaardig. Die firma het slegs "die karkasse" by die respondent bestel. Cummings het ook aan die Bezuidenhouts ŉ volledige stel planne (of tekeninge) van hierdie tipe kersmaakmasjien getoon. Dit het by die verhoor geblyk dat hierdie planne nie die oorspronklike planne was nie, maar deur ŉ tekenaar afgeteken is van ŉ ingevoerde masjien wat deur Silvertex aangekoop is. Hoe dit ook sy, die Bezuidenhouts was baie gretig om so ŉ masjien te koop en Cummings het toe ingestem om van die masjiene wat in aanbou was die eerste voltooide masjien aan hulle vir R5 000 te verkoop.

Op daardie stadium kon hy egter nie aan hulle 'n vaste afleweringsdatum gee nie. Maar om sake te bespoedig, het die Bezuidenhouts onderneem om self die gietstukke en suierstange van die masjien in te sit. Cummings het aan hulle verduidelik hoe dit gedoen moes word. Dit is blykbaar 'n betreklik eenvoudige prosedure. Volgens die Bezuidenhouts was die koop reeds by hierdie geleentheid mondeling beklink. Hulle het, weliswaar, nie in hulle getuienis spesifiek verwys na enige uitdruklike waarborg wat Cummings aan hulle sou gegee het nie, maar die hele strekking daarvan is dat Cummings presies geweet het waarvoor hulle die masjien wou hê en dat

hy/ ......

hy te kenne gegee het dat dit vir daardie doel geskik sou wees. Cummings het aanvanklik ontken dat die partye reeds met die Bezuidenhouts se eerste besoek ŉ vaste ooreenkoms aangegaan het, maar hy het later in ŉ mate teruggekrabbel. Hy het toegegee dat die partye wel by die eerste geleentheid ŉ mondelinge ooreenkoms aangegaan het maar gesê dat die terme van die waarborg eers op 30 Augustus 1978 gefinaliseer is.

Dit blyk uit die getuienis dat die Bezuidenhouts na hulle eerste ontmoeting met Cummings heelwat druk op hom uitgeoefen het om die masjien so spoedig moontlik te voltooi aangesien hulle baie

gretig/ ......

gretig was om met die produksie van kerse te begin.

Op 30 Augustus 1978 is wat beskryf word as "die karkas" van die masjien saam met 480 stange aan die Bezuidenhouts by die respondent se werkplaas in Silverton gelewer. By dié geleentheid het Bezuidenhout sr. op 'n skriftelike waarborg aangedring. In opdrag van Cummings is 'n faktuur met die volgende besonderhede toe namens die respondent uitgereik en aan Bezuidenhout sr. oorhandig, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| "1 | Only candle mould machine<br>Model 1978 New<br>Sales Tax No. 80110080601З<br>Alpha Enterprises | R5 000,00<br><br><br>ж |
| ж | Moulds still to be supplied<br>payment in full to be made 14<br>days from when moulds have<br>been collected | + 480 rods |
| ж | We guarantee that this machine | |

will/ ......

> will work efficiently and any malfunction will be rectified by ourselves.
>
> X 480 moulds & rods to be fitted by Mr Bezuidenhout himself

Hierdie faktuur is deur Cummings, namens die respondent, en deur 'n mev C Forsyth, 'n destydse direkteur en werknemer van die respondent, as getuie, onderteken. Die respondent het toe op 19 September 1978 200 gietstukke, 480 suiers en 480 sluitmoertjies aan die appellant gelewer, en die balans van die gietstukke, naamlik 200, die volgende dag. Daarmee was die lewering van die kersmaakmasjien afgehandel.

Die partye het met mekaar verskil oor die strekking van die skriftelike waarborg. Soos ek Bezuidenhout sr. se getuienis verstaan, sou dit dien

as/ ......

as skriftelike bevestiging van die reeds bestaande mondelinge ooreenkoms en die daarby inbegrepe stilswyende beding. Hy het ook gesê dat die waarborg op die kersmaakmasjien as 'n geheel betrekking gehad het. Cummings het aanvanklik te kenne gegee, soos reeds vermeld is, dat daar voor 30 Augustus 1978 geen vaste ooreenkoms hoegenaamd tussen die partye was nie. En wat die waarborg betref, het hy beweer dat dit slegs ten opsigte van die karkas gegee is en nie ten opsigte van die kersmaakmasjien as 'n geheel nie. Hy het egter, met sy kruisondervraging, toegegee dat so 'n waarborg feitlik geen beskerming aan die appellant sou verleen nie omdat dit wesentlik sou

beteken dat al wat gewaarborg word, is dat die onderste plaat van die karkas vryelik op en af kon beweeg. Ek kan my nie voorstel dat die Bezuidenhouts ooit met so 'n beperkte waarborg tevrede sou gewees het nie. Cummings het ook verduidelik dat hy nooit 'n waarborg ten opsigte van die masjien as 'n geheel sou gegee het nie omdat hy nie geweet het of the Bezuidenhouts die gietstukke en die suierstange met die nodige vaardigheid sou kon insit nie. Dit is na my oordeel niks meer as 'n spitsvondige argument nie want die Bezuidenhouts sou vanselfsprekend nie gedek word deur die waarborg waarop hulle aanspraak maak, as hulle nie die gietstukke en die suierstange behoorlik

geïnstalleer/ ........

geïnstalleer het nie. Na my oordeel het die verhoorregter tereg die Bezuidenhouts se getuienis aangaande die strekking van die ooreenkoms en die waarborg aanvaar en Cummings se relaas daaromtrent as onaanneemlik verwerp. Die respondent se advokaat het geredelik toegegee dat hy nie met oortuiging kon betoog dat die verhoorregter in dié opsig gefouteer het nie. Om saam te vat. Die appellant het, na my mening, op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys dat dit 'n beding van die ooreenkoms tussen die partye was dat die kersmaakmasjien as 'n geheel geskik sou wees vir die doel waarvoor hulle dit aangekoop het en dat dit doeltreffend sou funksioneer.

Ek/ ......

Ek kom vervolgens by die tweede basiese geskilpunt, naamlik, of die kersmaakmasjien doeltreffend gefunksioneer het en geskik was vir die doel waarvoor dit aangekoop is. Met die oog hierop ag ek dit gerade om iets te sê oor die kersmaakproses en die ontwerp van die masjien. Die kersmaakproses behels die giet van gesmelte kerswas in ŉ gietstuk waar dit toegelaat word om te stol. Daarna word die gestolde was - in die vorm van ŉ kers - weer uit die gietstuk verwyder. In die proses neem die was uiteraard die vorm van die gietstuk aan. Dit is die basis waarop die onderhawige masjien ontwerp is. Die enigste verskil is dat dit ontwerp is vir

kommersiële/ ......

kommersiële gebruik sodat 'n groot aantal kerse, naamlik 480, gelyktydig in die kortste moontlike tyd vervaardig kan word. Die stolproses van die was in die 480 gietstukke word met behulp van 'n verkoelstelsel versnel en die verwydering van die gestolde was uit die gietstukke word vergemaklik deur al die kerse gelyktydig uit die gietstukke te druk.

Die verkoelstelsel bestaan uit 'n verseelde metaaltenk waarin die 480 gietstukke geïnstalleer word. Elke gietstuk ('n gegote sagtemetaal buis) word van bo-af deur 'n gat in die boonste plaat (deksel) van die tenk geplaas. 'n Riffie om die boonste punt van die gietstuk pas presies in 'n uitkeping in die gat in die

deksel/ ......

deksel. Die gegroefde onderpunt van die gietstuk gaan op sy beurt deur 'n gat in die onderste plaat (bodem) van die tenk sodat dit met 'n moer, wat op die onderpunt pas, in die gat vasgeskroef kan word. Deur digtingsmateriaal vooraf om die punte van die gietstuk aan te bring, en die moer vas te draai, word die gietstuk stewig in die deksel en bodem van die tenk vasgetrek en, word al die gietstukke behoorlik op hierdie wyse geïnstalleer, vorm die tenk met die gietstukke 'n waterdigte geheel waarin water, selfs onder druk, vryelik kan sirkuleer totdat die gesmelte was in die gietstukke stolpunt bereik.

Wanneer daardie punt bereik is, moet die

gevormde kerse uit die gietstukke gedruk word. Vir daardie doel is 'n suier (in die vorm van die bo-punt van 'n kers) in elke gietstuk aangebring. Elke suier is geheg aan 'n stang van ongeveer dieselfde lengte as die gietstuk wat deur 'n gat in die onderpunt van die gietstuk kan beweeg. Die onderpunt van die stang word deur middel van sg sluitplaat, geheg aan 'n plaat (die sg onderste plaat) wat op en af in die raamwerk van die masjien kan beweeg sodat, wanneer die onderste plaat opgeskuif word, word die suier deur die stang in die gietstuk opgedruk. Is daar dan 'n gevormde kers in die gietstuk word dit op hierdie wyse na bo uitgedruk en, omdat al die stange

onder aan dieselfde plaat geheg is, word al 480 kerse gelyktydig uitgedruk deur eenvoudig die plaat boontoe te beweeg. Vir die gemaklike beweging van die plaat, is 'n stelsel wurmasse en keëlratte voorsien sodat die plaat op en af beweeg kan word deur eenvoudig 'n wiel aan die kant van die masjien te draai.

Prakties gesproke, werk die masjien dan soos volg: Deur die wiel aan die kant van die masjien te draai, word die suiers na die onderpunte van die gietstukke afgetrek. Gesmelte was word van bo-af in die gietstukke gegiet. Dit vloei in al die gietstukke af waar dit afkoel en stol. Die wiel word weer gedraai, die suiers word in die gietstukke opgedruk en al 480

kerse/ ......

kerse word boontoe uit die masjien gedruk en beland dan uiteindelik in rakke (staalplate waarin gate in lyn met die bo-punte van die gietstukke aangebring is) vanwaar dit verwyder en verpak kan word.

Na ontvangs van die laaste 200 gietstukke op 20 September 1978 het die Bezuidenhouts dadelik begin om die gietstukke en die suierstange in die masjien te installeer. Hulle het gesê dat hulle dit gedoen het presies soos Cummings aan hulle verduidelik het. Dit geld ook vir die aanwending van die digtingsmateriaal ten einde die masjien behoorlik waterdig te maak. Daarna het hulle die masjien getoets om vas te stel of dit inderdaad waterdig was. Dit het toe geblyk,

so het hulle gesê, dat daar 'n lekplek, by die watertenk, aan die voorkant van die masjien was, en dat daar ook lekplekke in 'n aansienlike aantal van die gietstukke was. Hulle het die lekplekke na hulle beste vermoë probeer verseël maar hulle kon nie volkome daarin slaag nie. Hulle het nogtans verskeie gietsels kerse gemaak maar ook dít was nie 'n sukses nie. 'n Groot aantal van die kerse, ongeveer 67 500, was om verskeie redes nie van bemarkbare gehalte nie. Een van die probleme was dat lugblasies in die kerse gevorm het omdat die gietstukke nie waterdig was nie. Bezuidenhout sr. het Cummings toe gebel in verband met die probleme wat hulle met die masjien ondervind en hy het toe op 9

Oktober 1978 'n vragmotor na Hartswater gestuur en die masjien is toe teruggeneem na die respondent se werksplaas. Dis is gemene saak dat die respondent die vervoerkoste van Hartswater na Pretoria en weer terug na Hartswater, 'n afstand van altesaam 2 000 km, sou dra. Die Bezuidenhouts het 'n dag of wat later daar opgedaag. Die masjien was van 9 Oktober tot 15 November 1978 in die werkswinkel. Dit is gemene saak dat herstelwerk gedurende hierdie tydperk aan die masjien gedoen is en dat die Bezuidenhouts daarmee gehelp het. Maar wat die presiese aard en omvang van die werk betref, verskil die getuienis van die Bezuidenhouts in baie opsigte van Cummings se weergawe. In die lig

van/ ......

van die verloop van sake nadat die werk op ongeveer 15 November voltooi is, is dit nie nodig om in besonderhede op al die punte van verskil in te gaan nie en ek verwys dus net in hooftrekke daarna.

Die Bezuidenhouts het, eerstens, getuig dat hulle o m by Cummings gekla het oor 'n lekplek in die metaaltenk, en dat dit toe by die werkswinkel reggemaak is. Cummings het ontken dat so 'n klagte aan hom gemaak is of dat enige herstelwerk hoegenaamd aan die tenk gedoen is. Dit lyk vir my baie onwaarskynlik dat die Bezuidenhouts sou getuig het dat daar herstelwerk aan die tenk gedoen is as dit in der waarheid nie die geval was nie. Dit is gemene saak dat daar wel 'n klagte oor die gietstukke

was, maar ook in hierdie geval verskil die partye oor die strekking van die klagte, die aard en omvang van die herstelwerk wat na aanleiding daarvan gedoen is, en die vraag of die Bezuidenhouts onderneem het om die koste van die herstelwerk te dra. Op elkeen van hierdie punte is Cummings se getuienis uiters onbevredigend en in sommige opsigte ook klaarblyklik onwaar. Die Bezuidenhouts het getuig dat daar lekplekke in 'n aansienlike getal van die gietstukke was en dat hulle by Cummings daaroor gekla het. Hulle het gesê dat hulle by die werkswinkel gehelp het met die toets van die gietstukke en dat van die 203 gietstukke wat hulle by een geleentheid getoets het, net 3 volkome waterdig

was/ ......

was. Hulle het ook getuig dat waar dit doenlik was, is die gaatjies in die gietstukke aan die buitekant gesoldeer deur een van Cummings se werknemers, maar in die grootste gros van die gevalle was daar so baie gaatjies dat die betrokke gietstukke heeltemal oorgegiet moes word. Wat die Bezuidenhouts betref, was daar hoegenaamd geen sprake dat hulle die koste daarvan sou dra nie. Cummings het die Bezuidenhouts se getuienis in verband met die gietstukke op feitlik elke punt betwis. Dit is duidelik dat hy vasbeslote was om die blaam vir die toestand van die gietstukke op die Bezuidenhouts te plaas en dat hy met die oog daarop bereid was om enigiets te sê en self die

mees/ ......

mees blatante onwaarhede kwyt te raak. Hy het erken dat die gietstukke vervang is, maar hy het te kenne gegee dat dit nodig was omdat hy gevind het dat ongeveer 15 tot 20 van die gietstukke aan die onderkant beskadig was. Dit was duidelik, so het Cummings gesê, dat die Bezuidenhouts te veel krag gebruik het met die vasskroef van hierdie besondere gietstukke en dat hulle gevolglik beskadig is. Volgens Cummings het hy aan die Bezuidenhouts gesê dat dit beter sou wees om al 480 gietstukke te vervang en het hulle toe ingestem om die koste daarvan te dra. Die koste sou, volgens Cummings, op 'n tydbasis van R15 per uur bereken word. Hy het erken dat die koste van die oorgiet van die

480/ ......

480 gietstukke, op hierdie basis bereken, ongeveer R4 000 sou bedra. Ek kan nie voorstel dat die Bezuidenhouts ooit sou ingestem het om die koste te dra voordat hulle nie eers elke gietstuk ondersoek het en tevrede was dat hulle dit beskadig het nie. Dit het egter nooit gebeur nie. Hoe dit ook sy, Cummings het erken dat hy nooit die Bezuidenhouts aangespreek het vir betaling van hierdie koste nie. Hy het beweer dat 'n werkkaart uitgemaak was vir die werk en dat dit mev Forsyth se verantwoordelikheid was om op grond van die gegewens daarin vervat 'n rekening aan die Bezuidenhouts te stuur. Hierdie getuienis is, soos die verhoorregter gesê het, van alle waarheid ontbloot. Volgens mev

Forsyth/ ......

Forsyth was daar nie so 'n werkkaart nie en is sy nooit deur Cummings of enigiemand anders aangesê om 'n rekening aan die Bezuidenhouts te stuur nie. Cummings het ook die Bezuidenhouts se bewering dat die gaatjies in 'n aantal van die gietstukke gesoldeer is, ontken. En toe die Bezuidenhouts een van hierdie gietstukke (Bew. 3) aan die hof voorlê, het Cummings, soos die verhoorregter tereg bevind het, "'n totaal ongeregverdigde en ongegronde bewering gemaak (het) dat mnr Bezuidenhout bewysstuk 3 sou vervals het en op 'n bedrieglike wyse aan die Hof kom voorhou het as 'n gietstuk wat uit die masjien gekom het terwyl dit inderdaad nie die geval was nie." Om saam te vat. Soos hierbo vermeld,

sou die respondent die vervoerkoste van die masjien vanaf Hartswater na Pretoria, en weer terug na Hartswater, dra. Dit is ook, na my oordeel, duidelik uit die getuienis dat die respondent die koste om die gietstukke te repareer of te vervang self sou dra. Ek is heeltemal seker dat die respondent nie gewillig sou gewees het om dit te doen as die Bezuidenhouts se klagtes nie gegrond was nie. Ek het miskien onnodig lank oor die getuienis in verband met die gebreke in die gietstukke uitgewei, maar ek het dit gedoen om aan te toon dat Cummings nie geskroom het om die waarheid te verdraai indien hy dit raadsaam geag het nie.

Daar was ook nog die volgende geskilpunte

oor/ ......

oor wat by dié geleentheid by die werksplaas sou gebeur het. Die Bezuidenhouts het gesê dat toe die masjien weer inmekaargesit en aan 'n waterdruk toets onderwerp is, het die tenk gebars en dat heelwat van die werk toe weer oorgedoen moes word; Cummings het ontken dat die tenk gebars het. Die Bezuidenhouts het ook gesê dat die koeëllaers op voorstel van Bezuidenhout sr., en met instemming van Cummings, met drukkers vervang is, maar ook dít het Cummings ontken. Die Bezuidenhouts het ook gesê dat 'n elektriese boor by dié geleentheid gebruik is om die stange vas te bout, terwyl Cummings en Oberholzer dit ontken het. En ten slotte, Bezuidenhout sr. het getuig dat Cummings ingestem het tot sy voorstel dat in stede van

gebruik/ ......

gebruik te maak van die sluitplaat hulle eerder die suierstange aan die onderste plaat van die masjien moet vasbout en dat hy vir hierdie doel 480 moertjies aan hulle verskaf het. Cummings het ontken dat hy tot so 'n voorstel ingestem het en dat hy die moertjies verskaf het.

Dit is gemene saak dat die werk aan die masjien - wat die presiese aard en omvang daarvan ook al mag gewees het - teen ongeveer 15 November tot die tevredenheid van die Bezuidenhouts voltooi is. 'n Waterdruktoets het getoon dat daar geen lekplekke meer was nie, en meganies het die masjien ook behoorlik gefunksioneer. Al wat hulle nie by die werkswinkel

kon vasstel nie, omdat die nodige fasiliteite ontbreek het, was of die masjien behoorlik kerse kon vervaardig.

Die masjien is op 15 November 1978 op Hartswater afgelewer. Die Bezuidenhouts het feitlik onmiddellik begin om die masjien gereed te maak sodat hulle weer kerse kon giet. Hulle het gesê dat hulle die sluitplaat verwyder het en die suierstange aan die onderdele plaat vasgebout het soos hulle, na bewering, met Cummings afgespreek het. Dit het hulle ongeveer 5 dae geneem om hierdie werk te voltooi. Soos ek netnou sal aantoon, het Cummings ten sterkste ontken dat die suierstange reeds ten tyde van sy besoek aan die onderste plaat vasgeheg was. Hoe dit ook sy, nadat die masjien

gereedgemaak/ ......

gereedgemaak was, het die Bezuidenhouts weer kerse probeer maak en weer het hulle probleme met die masjien ondervind. Die masjien kon nie die kerse uit die gietstukke druk nie. Hulle het dadelik met Cummings in verbinding getree. Hy en Oberholzer het toe om ongeveer 10h00 een Maandagoggend teen die einde van November 1978 op Hartswater aangekom om ondersoek in te stel na die werking van die masjien.

Daar is heelwat botsende getuienis oor wat by dié geleentheid gebeur het. Die Bezuidenhouts het getuig dat toe Cummings en Oberholzer daar opdaag het die kerse nog steeds in die masjien vasgesit. Bezuidenhout jr. het toe 'n domkrag êrens gaan leen waarmee

hulle toe die onderste plaat opgedruk het en die kerse uitgeforseer het. Cummings het ontken dat daar enige kerse in die gietstukke was. Oberholzer was onseker oor wat die posisie in verband met die kerse was. Na my mening is dit baie waarskynlik dat die kerse nog in die gietstukke vasgesit het want dit was immers die rede waarom Cummings ontbied is.

Cummings het ook ontken dat die sluitplaat reeds op daardie stadium verwyder was en dat die suierstange aan die onderste plaat vasgebout was. Hy het gesê dat hierdie verandering aangebring is ná sy besoek aan Hartswater en dat dit waarskynlik die oorsaak van die probleme was wat die Bezuidenhouts

na sy vertrek met die masjien ondervind het. Wat Cummings egter nie bevredigend kon verduidelik nie was waarom die respondent se prokureur, in 'n brief gedateer 30 Maart 1979, aan appellant se prokureur geskryf het dat Cummings tydens die onderhawige besoek aan Hartswater gevind het dat "the ejectors and moulds had been incorrectly fitted by your client." Oberholzer het aanvanklik gesê dat die sluitplaat ten tyde van die besoek nog in die masjien was, maar met sy kruisondervraging was hy nie heeltemal so seker nie. Hy het toe gesê dat hy nie spesifiek *daaraan aandag* gegee het nie, maar as die sluitplaat reeds verwyder was, sou hy dit opgelet het. Na my oordeel is die

Bezuidenhouts se getuienis op hierdie punt meer waarskynlik as Cummings s'n. Ek aanvaar dat Cummings kort vantevore, op Silverton, hulle voorstel aanvaar het dat die sluitplaat verwyder word en die suierstange aan die onderste plaat vasgebout word. Ek dink nie dat die Bezuidenhouts so 'n verandering op eie houtjie sou aanbring nie. Dit is ook waarskynlik dat toe die masjien na Hartswater teruggebring is, hulle dadelik sou begin om die verandering aan te bring. Hulle het gesê dat dit ongeveer 5 dae in beslag geneem het. Dit was nie betwis nie. Soos ek netnou sal aantoon, het die Bezuidenhouts onmiddellik na Cummings se vertrek, weer kerse probeer maak en

weer/ ......

weer binne ŉ dag of wat met Cummings in verbinding getree. Hulle sou nie binne hierdie kort tydperk die verandering aan die masjien kon aanbring nie. En dan is daar ook nog die prokureur se brief wat die Bezuidenhouts se relaas bevestig.

Cummings en Oberholzer het gesê dat al fout wat hulle met die masjien kon vind was dat daar ŉ bout by een van die klampe in die masjien effens losgedraai was en dat dit die belyning van die masjien nadelig geaffekteer het. Bezuidenhout sou te kenne gegee het dat hy die bout losgedraai het omdat dit die masjien makliker laat werk het. Nadat die belyning herstel is en die bout weer vasgedraai

is,/ ......

is, het die masjien, so het hulle gesê, weer behoorlik gefunksioneer. Volgens Cummings en Oberholzer is daar toe 4 of 5 gietsels kerse gemaak sonder dat enige probleem met die masjien ondervind is. Die Bezuidenhouts het dit ontken. Hulle het gesê dat daar nie voldoende tyd was om meer as een gietsel kerse te maak nie omdat Cummings haastig was om weer na Silverton te vertrek, en dat hulle gesukkel het om hierdie een gietsel kerse uit te druk. Die Bezuidenhouts kon nie 'n bevredigende verduideliking gee waarom hulle daarmee genoeë geneem het dat Cummings vertrek hoewel die masjien nog nie doeltreffend gefunksioneer het nie. Dit is egter gemene saak dat Cummings

ongeveer/ ......

ongeveer 16h00 van Hartswater af weg is en dat die respondent die uitgawesin verband met hierdie besoek gedra het.

Net na Cummings se vertrek het die Bezuidenhouts weer 'n gietsel kerse probeer maak, maar hulle het nog steeds gesukkel om die kerse uit die gietstukke te kry. Hulle het toe besef dat hulle nie met die masjien kerse sal kan vervaardig teen 'n tempo wat ekonomies lonend sou wees nie. Bezuidenhout het toe 'n dag of wat later weer met Cummings in verbinding getree en hom meegedeel dat daar nog steeds probleme met die uitdruk van die kerse is. Cummings het daarop te kenne gegee dat hulle maar die koop moet

kanselleer/ ......

kanselleer en dat hy die masjien as skroot gaan afskryf. Cummings beweer dat hy by daardie geleentheid aan Bezuidenhout sr. te kenne gegee het dat hy die transaksie wil kanselleer en dat laasgenoemde daartoe ingestem het. Op 29 November 1978 het Cummings 'n voertuig na Hartswater gestuur en die masjien is toe teruggeneem na Silverton. Die respondent het die vervoerkoste gedra. Volgens Cummings het hy toe vir die eerste keer agtergekom dat die sluitplaat verwyder is en die suierstange aan die onderste plaat vasgebout is. Die Bezuidenhouts het die volgende dag by Silverton opgedaag en die masjien sien staan op 'n perseel oorkant die verweerder

se/......

se werksplaas. Daar is getuienis dat Silvertex daarna die masjien gekoop het, en self nuwe gietstukke en die suierstange daarvoor gemaak het.

Teen hierdie agtergrond kom ek uiteindelik by die kernvraag in hierdie appèl, naamlik, of die verhoorregter gefouteer het deur te bevind dat die Bezuidenhouts hulle nie van die bewyslas gekwyt het nie. Die verhoorregter het, soos reeds vermeld is, absolusie van die instansie toegestaan omdat die appellant na sy mening nie daarin geslaag het om te bewys dat daar "enige spesifieke defek" in die masjien was nie. Die eintlike vraag is of die appellant bewys het dat die masjien nie behoorlik gefunksioneer

het/ ......

het en nie geskik was vir die doel waarvoor dit aangekoop is nie. Ek is van mening dat die Bezuidenhouts hulle wel van die bewyslas in dié opsig gekwyt het.

Ek het op grond van die volgende oorwegings tot hierdie slotsom gekom:

(a) Dit is duidelik dat Cummings geen deskundige op die gebied van die bou van kersmaakmasjiene was nie. Hy het feitlik geen ondervinding daarvan gehad toe hy die masjien vir die appellant gebou het nie. Hy het wel op daardie tydstip die karkas van so 'n masjien vir Silvertex gebou maar hulle het self die gietstukke en die suierstange vir daardie masjien en ook dié wat hulle later by die respondent gekoop het, vervaardig.

Die/ ......

Die masjien wat aan die appellant verskaf is, was die eerste, en blykbaar ook die enigste, een wat Cummings in sy geheel gebou het. En ons weet dat feitlik al die gietstukke daarna vervang moes word omdat hulle nie waterdig was nie.

(b) 'n Ander insiggewende faktor is dat die respondent voor die voet al die onkoste en uitgawes in verband met die herstelwerk aan die masjien gedra het. Dit was nie 'n onaansienlike bedrag nie. Cummings het die koste van die herstelwerk gedurende die tydperk 9 Oktober tot 15 November 1978 bereken op ongeveer R4 000. En hierby moet vervoerkoste van ongeveer 3 000 km en die onkoste van Cummings en Oberholzer se besoek aan

Hartswater gedurende November 1978 bygevoeg word.

'n Mens sou 'n ander houding verwag het as die respondent gereken het dat probleme wat die Bezuidenhouts met die masjien ondervind het nie sy verantwoordelikheid is nie. Cummings het ook nooit voor die kansellasie van die kontrak vir die Bezuidenhouts verwyt dat dit hulle skuld is dat die masjien probleme gee nie.

(c) 'n Derde faktor wat teen die respondent tel is Cummings se onbevredigende getuienis en die blatante onwaarhede waaraan hy hom skuldig gemaak het. Ek het reeds daarna verwys en hoef nie weer daarop in te gaan nie.

(d) Die verhoorregter het bevind dat die probleem wat die Bezuidenhouts uiteindelik met die masjien ondervind

het/ ......

het waarskynlik gewyt kan word aan oorsake waarvoor die respondent nie verantwoordelikheid hoef te aanvaar nie. Hy het na drie sulke oorsake verwys. Die eerste en belangrikste hiervan is die verwydering van die sluitplaat en die vasbout van die suierstange aan die onderste plaat van die masjien. Hy sê dat as hierdie verandering aangebring is na Cummings se besoek aan Hartswater "kon dít waarskynlik die oorsaak van die probleem wees." Ek kan nie met hierdie beskouing saamstem nie. Dit kan nie met sekerheid gesê word dat hierdie verandering die werking van die masjien nadelig geaffekteer het nie. Maar wat die posisie in dié verband ook al mag wees, die Bezuidenhouts

het/ ......

het na my oordeel, soos hierbo vermeld, op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys dat Cummings op Silverton ingestem het tot die verandering en dat dit reeds voor sy besoek aangebring was. Ek mag in dié verband ook net daarop wys dat die verhoorregter geen melding maak nie van die brief waarin die respondent se prokureur te kenne gee dat die Bezuidenhouts die veranderings reeds voor Cummings se besoek aangebring het. Die verhoorregter sê verder dat dit ewe waarskynlik is "dat die oorsaak van die probleem kon gewees het dat die was nie op die korrekte temperatuur was toe dit uitgestoot of toe daar gepoog is om dit uit te stoot nie." Ek kan ook nie hiermee saamstem

nie./......

nie. Daar is, na my oordeel, geen feitlike grondslag om te vermoed dat dít die oorsaak van die Bezuidenhouts se probleem was nie. Toe hulle aanvanklik ongeveer 50 kartonne bemarkbare kerse vervaardig het, het hulle geen wesentlike probleme ondervind om die kerse uit die masjien te druk nie en het hulle dit klaarblyklik teen die korrekte temperatuur gedoen. Daar is geen getuienis dat hulle in Novembermaand die prosedure in dié verband enigsins gewysig het nie. Die verhoorregter sê, in die derde plek, dat die vervanging van die koeëllaers moontlik 'n nadelige uitwerking op die funksionering van die masjien gehad het en dat dit onmoontlik is "om te bevind wie die waarheid

praat/ ......

praat ten opsigte van die vraag of dit met die goedkeuring en instemming van Cummings geskied het al dan nie." Na my mening is dit uiters onwaarskynlik dat die Bezuidenhouts uit eie beweging en sonder Cummings se goedkeuring en instemming die koeëllaers sou vervang het. In die lig hiervan, en veral die onbevredigende aard van Cummings se getuienis moes die verhoorregter, na my mening, sy getuienis aangaande hierdie insident verwerp het, en die Bezuidenhouts se weergawe aanvaar het.

(e) Ten slotte, die Bezuidenhouts was deurgaans gretig om met hulle projek voort te gaan en dit is duidelik dat hulle nie die kontrak sou beëindig

het/ ......

het as die masjien bevredigend gefunksioneer het nie.

Om saam te vat. Hoewel dit nie moontlik is om presies vas te stel wat die fout met die masjien was nie, het die appellant, na my mening, nietemin op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys dat dit vanweë een of ander gebrek nie doeltreffend gefunksioneer het nie en nie aan die doel waarvoor dit aangekoop was, beantwoord het nie. Soos reeds vermeld is die quantum van appellant se skade by ooreenkoms vasgestel op R6 788,61.

In die omstandighede verval die teen-appèl.

Die resultaat is dus dat:

Die/ ......

Die appèl slaag met koste. Die bevel van die hof a quo word ter syde gestel en vervang deur die volgende bevel "Vonnis ten gunste van die eiser ten bedrae van R6 788,61 met koste."

TRENGOVE, AR

HOEXTER, AR )
) STEM SAAM
)
HEFER, AR )